Uitnodiging na 70-jarige herdenking van die eerste Malan-saamtrek 6 Okt 1951
WANNEER: Saterdag 27 Nov 2021 Franschhoek - ANTWOORD VOOR 22 Nov 2021.

MALAN VONK

Amptelike E-Nuusbrief
Official E-Newsletter

Malan-Familiebond van SA Malan /
Family Association of SA

Summervale Leefstyloord, Lemoenboomweg,
Huis14, Gordonsbaai, 7140

(Sel): 081 779 2179;
(e-pos): d.s.malan81@gmail.com

25ste UITGAWE OKTOBER 2021
25th EDITION OCTOBER 2021

Inhoud / Contents:

1.Uit die pen van die redakteur.
2.Uitnodiging na 70 jarige herdenking van die eerste Malan-saamtrek 6 Okt 1951
3.Huldeblyk Danie (Mark) Malan.
4.Ledegeld / Donasies.

1.UIT DIE PEN VAN DIE REDAKTEUR

Ons kan beaam wat Leipoldt van Oktober maand sê. “Dit is die maand Oktober die mooiste, mooiste maand!” Hoekom? “Viooltjies orals op die veld. Die varkblom is in bloei. Die akkerboom is groen. En orals in die tuin ruik jy sering en roos, Jasmyn en Katjiepiering, lemoen en appelkoos.” Is dit nie wonderlik nie!

Oktobermaand bring weer lewe na 20 maande van Covid-19. So baie van ons bekendes het gely onder Covid. Baie het egter gesond geraak, waarvoor ons die Hemelse Vader innig dankbaar is. Ander is opgeroep vir hoër diens. Ons innige simpatie gaan uit na dié wat hartseer moes beleef. Ekonomies het die land agteruit gegaan. Besighede moes sluit en baie het hul werk verloor. Ander moes van die huis af werk. ZOOM-vergaderings het ‘n gonswoord geword. Ons moes nuut leer dink en aanpas by die nuwe omgewing waarin ons onsself bevind het. Ons moes ons ook laat inent en so weerstand teen die virus opbou, sodat daar ook kudde immuniteit kan ontstaan.

Covid-19 het ook die aktiwiteite van die **Malan-Familiebond** beïnvloed. Die bestuur het derhalwe besluit om geen saamtrekke in hierdie tyd te reël nie. Die verskillende bestuurslede het egter voortgegaan met hul aktiwiteite en ook so is die Bond bekend gestel aan die breër gemeenskap in SA.

Die voorsitter, Dennis Malan, het die voorreg gehad om op “Huppel in die stap” op TV te verskyn en oor die Malan-Familiebond te praat. Hy het ook op Prontuit gepraat oor die Bond se aktiwiteite. Die voorsitter was ook die gasspreker by ’n kranslegging seremonie gereël deur die FAK. Wes-Kaap en Voortrekkers. Dit het plaasgevind te Onder-Papegaaiberg- begraafplaas, Stellenbosch om Dr D F Malan se geboortedag 22 Mei 1847 te herdenk..

Evan Franklin het steeds voortgegaan met DNS navorsing ter plaatse en wêreldwyd. Ons is groot dank aan Evan verskuldig vir ure se harde werk wat hier ingaan en wat hy uit sy eie sak finansier. Ons vertrou dat ons een of ander tyd ‘n donateur sal ontmoet wat wil bydra tot hierdie aktiwiteit van die Bond.

Vir **Danie Malan** van Stellenbosch het dit ‘n lewenstaak geword om die Malan navorsing te doen. Hy sal ons inlig by die **Saamtrek op 27 November 2021.**

Uitnodiging na 70-jarige herdenking van die eerste Malan-saamtrek 6 Okt 1951
WANNEER: Saterdag 27 Nov 2021 Franschhoek - ANTWOORD VOOR 22 Nov 2021.

Aangesien ons na Covid Vlak 1 beweeg het, het bestuur besluit om op **Saterdag 27 November 2021 om 10:00 vir 10:30 'n Malansaamtrek te reël by die Hugenote Monument, te Franschhoek.** U word dus vriendelik uitgenooi om die verrigting by te woon. Sien program hieronder:

10:00 **Registrasie** by die suilegang van die Monument.

10:30 **Opening** met skriflesing en gebed deur Dr Chris Malan, NGK Kleinmond.

10:40 **Verwelkoming** deur Dennis Malan, Voorsitter, Gordonsbaai.

10:50 **Boodskap** van JC Malan, Beskermheer, (Port Elizabeth)

11:00 **Dr D F Malan se drome word waar** deur Johan de Villiers, Stellenbosch.

11:35 **Groepsfoto** voor die Monument.

11:50 Besoek die Hugenote Museum en Anneks.

12:30 Vertrek na **La Terra de Luc,** aan die einde van Dirkie Uysstraat, Franschhoek.

13:00 Ligte **middagete** op plaas.

14:30 **Malan DNS** deur Evan Franklin, O-Voorsitter, Wellington.

15: 05 Tee / Koffie

15:25 **Malan navorsin**g deur Danie Malan, Mede-outeur van Die Malans van SA, Stellenbosch.

16:00 Malan-Familiebond aangeleenthede.

16:15 **Bedankings en afsluiting** deur Edie Malan, Wellington.

3. Huldeblyk Danie Malan, Pretoria.

JC Malan, ons beskermheer, het die volgende oor Danie (Mark) te sê:

"Wat 'n jammerte tog om 'n voorslag Hugenote familielid met innerlike leedwese te groet: 'n Absolute eerlike, beskaafde en nederige mens, een van die heel beste wat ek geken het. Hy was van die begin af die ruggraat van die te stigte Familiebond op 15 Desember 1989 met oorlede Dr Hercules Malan die Grote.

Danie was die Bond se biograaf en het oor meer as 30 jaar skitterende resultate gelewer om sodoende die Familieregister van die Bond uit te brei en te verstewig. Hy was deeglik en het baie, baie argiewe en kontakte geraadpleeg, vele myle afgelê met sy eie motortjie, om elke detail van afgestorwe of lewendige Malan te verkry en te bevestig. Hy was 'n vriendelike en ywerige spanlid en het dan ook van meet af as biograaf op ons Bestuurskomitee met lof gedien.



Danie Malan *26/7/1942 - † 14/7/2021

Hy het bykans elke Malansaamtrek in die land bygewoon om die deeglike koerantknipsel-uitstallings van Malans en hul geskiedenis uit te beeld. Hy was ook lid van die Malan-toergroepe van 1991 en 2000 onder leiding van Hercules Malan. Hierbenewens het hy óók vir Hercules, op 'n navorsingsbesoek aan die bakermat van die Malans na Frankryk en Noord-Wes Italië vergesel. Laasgenoemde sou ek dink, was dan ook die hoogtepunt waardeur oorlede Hercules sý jarelange

droom kon verwesenlik as **outeur** van die manjifieke vier-volume historiese meesterpublikasie **:"Die Malans van Suid Afrika,"**oor 'n tydperk van 700 jaar. Danie "Mark" en Danie "Stellenbosch" soos ons hul as Danie's onderskei het, was die ywerige bioloë wat Hercules met biografiese geskiedenis ondersteun het. Inderdaad kan hul die Drie Musketiers genoem word.

As Bond sal ons Danie onthou as die getroue SEDERBOOM. As beskermheer van die Bond sal hy altyd 'n spesiale plek in my en Santjie se harte hê en ons wens hom 'n salige Hemelse rus toe. Hy is 'n waardige Engel!" – J C Malan, Beskermheer.

Volgens Pierre Steyn wat met Danie (Mark) Malan se niggie Marietjie getroud is en in Sunward Park, Boksburg woon, is Danie op Donderdag 14 Julie 2021 aan 'n hartaanval oorlede. Danie sou op 26 Julie 79 jaar oud word en hul wou nog iets spesiaals vir sy verjaardag reël. 'n Klein verassingsdiens is toe vir Danie gereël.

Die Malan-Familiebond en lede eer jou nagedagtenis. Danie het ure se onbaatsugtige tyd spandeer om inligting as Biograaf oor die Malans van Suid Afrika te versamel, wat vandag deel uitmaak van die 4 volume boek ***Die Malans van Suid Afrika.*** Danie, baie dankie vir jou groot bydrae tot ons familiegeskiedenis en genealogie. Ons eer jou nagedagtenis.

Die bestuur en lede van die Malan-Familiebond.

4. Ledegeld en betaling vir bywoning van Malan-saamtrek op 27 November.

- **4.1 Ledegeld / Donasies:** Die jaarlikse ledegeld is tans R150 per persoon of gesin. Donasies is ook welkom. Die Malan Vonk, is gratis as dit elektronies gevonkpos word. Landpos kos egter R30 per jaar.

4.2 Betaling vir bywoning van die Malansaamtrek op 27 November beloop R150 per persoon. Kinders onder 12 jaar betaal net R125.

4.3 Betaling: Maak betaling uit aan **Malan-Familiebond, ABSA-rekeningnr. 916 844 8977, STRAND. Taknr. 632005** deur direkte of internet betaling.

Verwysing: U eerste volle doopnaam en van.

Stuur asseblief bewys van betaling aan Dennis Malan per e-pos by d.s.malan81@gmail.com of pos na D S Malan, Summervale Leefstyloord, Lemoenboomweg, Huis 14, GORDONSBAAI, 7140. Ek kan ook gekontak word op 081 779 2179.

Daar is nog baie nuus en inligting wat u in die Kerfees uitgawe van Die Vonk sal vind.

Ons sien daarna uit om jul almal by die 70ste herdenking op 27 November te Franschhoek te sien. Bring familie en kinders saam.

Vriendelike Malan-groete,

Dennis Malan

Voorsitter en Redakteur.